# Lesing 5 - 30 November 2022 - Die kruisigingsgebeure se impak op die Eindtyd-Bruid

### Rudolf vergelyk hemelse en aardse omstandig-hede. Die hemelse stad en haar betekenis as voedingsbron vir die hele oneindigheid

**Hoofstuk 284** Keiser Rudolf kom na **My, JaHshua** toe, prys My van ganser harte en sê: "O hoe baie anders is die dinge en omstandighede in hierdie geesteswêreld dan tog teenoor die onbeduidende op aarde! Wat het mens hom op aarde alles ingebeeld, terwyl mens in wese heeltemal niks was nie. Solank `n mens, keiser of bedelaar op aarde in die kleed van die dood wandel en verganklik is, kan sy bestaan niks beteken nie. Ek was op aarde `n groot keiser, maar wat was ek toe die dood my oorval het? Niks anders as `n handvol stof en as nie! Maar hier is ek tog geen haar beter as die geringste burger van die ewige ryk van hierdie stad van God nie. Desondanks voel ek my meer verhewe as wanneer ek my as `n magtige heerser, voor wie aarde en see gebewe het, op aarde sou bevind.

[2] Hoe lank was ek, selfs na die aflegging van my liggaam, nog van my aardse eiewaan vervul! Aan `n in waarheid vrye gees was die voorbehoud om die reeds broos geworde rots uit sy vaste slaap wakker te skud. Die rots het verstuif en ek staan hier nou in absolute nietigheid voor U, o Meester, soos `n pasgebore kind en kyk verbaas na `n nuwe wêreld in haar heilige omstandighede. Maar hoeveel het die kind voor op alle wyse en magtige heersers op aarde! Alles kom my hier so groots en verhewe en uitermate veelseggend voor. O heerlikhede sonder naam en sonder tal! **O Vader, hoe groot en heilig is U tog!"**

[3] Ek sê: "Ja, jy het gelyk; op aarde moet daar verskille wees, anders was hulle nie wat hulle moet wees nie. Maar hier is iedereen gelyk. Daar bestaan geen rang hier nie, **behalwe dat julle almal My kinders is** en Ek julle aller Vader en Meester. Desondanks bestaan daar ook verskille hier, **want niemand sal iets verloor van wat hy op aarde eerlik besit het nie**. Jy was op aarde `n goeie keiser. En sien, jy sal weer keiser word, maar oor `n baie groter ryk as op aarde. Hier sal jy gestel word oor `n hele son, waarin `n triljoen aardes (planete) plek sou hê. In dié stad en wel in jou huis, sal jy jou toekomstige bestemming van naderby leer ken.

[4] Nou staan ons egter reeds by die poort; laat ons daarom met die klanke van `n harp binnegaan."

[5] **Ons betree nou die stad; `n stad vol lig en lewe, waarin ewig geen gebrek heers nie**, omdat alles in die grootste oorvloed voorhande is en ewig moet wees. **Want vanuit hierdie stad onttrek die hele oneindigheid haar voedsel, sowel natuurlik as gees-telik.**

[6] Robert en die ander verbaas hulle oor die lieflikheid van die wonings wat hier in so groot getalle staan, **dat hulle deur niemand meer getel kon word nie.** Want die aantal wonings van God se stad het wel `n begin, maar nooit `n einde nie. Wel is hierdie stad in die begin so opgestel dat sy `n volmaakte vierkant vorm, maar daaragter strek sy haar eindeloos uit en het nêrens en nooit `n begrensing nie.

[7] Na `n lang tyd van verbasing sê **Robert**: "Ja, nou begryp ek eers ietwat dieper, wat dit wil sê: "Geen oog het ooit gesien, geen oor het ooit gehoor en in geen mensehart het ooit opgekom wat die Meester berei het **vir hulle wat Hom liefhet nie**". Het die mens op aarde ook maar die minste vermoede gehad van wat hulle hier te wagte staan! Om duisendmaal te sterwe sou vir hulle beter wees as om, al is dit maar `n paar minute lank, te lewe op aarde. Maar die groot liefde en wysheid van die Meester verberg dit vir die oë van die sterflinge, sodat hulle hulle proef kan deurstaan en die **korrekte stewigheid van hulle gees verwerf**, waarsonder dit vir hulle onmoontlik sal wees om so `n oorvloed aan saligheid te kan verdra.

[8] O Meester, nou begryp ek ook waarom geeste van my soort hulle sterflike broeders dalk `n bietjie vergeet en hulle maar baie selde aan hulle toon. Wie sou na so `n oorvloed aan saligheid nog aan die slegte aarde dink as hy nie so nou en dan deur U, o Meester en Vader, aangespoor word om op die regte oomblik ook nog sy sterflike broeders op aarde te gedenk nie!"

### Die Vaderhuis in die hemelse stad. Die heerlik-heid van sy ruimtes en sy bewoners. - In teen-stelling daarmee die eenvoud van die Meester

**Hoofstuk 285** Robert sê verder: "O Meester en Vader vol liefde, sagmoedigheid en geduld, wat se pragtige paleis is dit tog nie wat presies teenoor ons na die môre toe lê?" - **Ek** sê: "**Dit is My hoogs eie huis!** Maar daarin is baie, baie wonings waarvan jy nou ook een vir ewig sal betrek. En julle almal wat nou by My is, sal ook daarin woon. Hierdie wonings sal julle seker baie goed geval."

[2] Keiser Josef sê: "Wat? By U, heiligste Vader, in U naaste omgewing sal ons wees? Dit sou te veel saligheid vir ons arme sondaars wees. Ons is reeds tevrede en geheel en al salig met die kleinste hoekie in hierdie stad." Ek sê: "My liewe broeder, kyk, daar staan tog geskrywe: "**Waar Ek is, daar sal ook hulle wees, wat My bo alles liefhet**." Julle het My nou bo alles lief en het My in julle harte altyd meer liefgehad as wat julle gedink het. Daarom moet julle ook daar woon waar Ekself woon en **saam met My werk in ewige gemeenskap**. Julle sal baie in My huis aantref, want dit is baie groot en tel baie, baie wonings. Laat ons nou na binne gaan! Die drie broeders gaan voor!"

[3] Ons kom nou in `n groot voorportaal van die huis. Die vloer is van die suiwerste, deursigtigste goud. Aan beide kante staan twaalf pilare wat die plafon van die voorportaal dra. Die pilare straal soos sonne en speel in grootse prag met alle kleure van die reënboog. Sy bestaan uit suiwer diamant. Die wande van die

voorportaal is van porfier, (siersteen) die plafon is van smarag en die trappe na die eerste verdieping (die huis het drie hoofverdiepings) is van die suiwerste robyn met goue rande en lei reg omhoog na `n groot deur, wat niemand behalwe Ek kan oopmaak nie.

[4] Almal wat daarby is, raak nie uitgekyk oor die prag van hierdie voorhof nie. **Josef** sê: "Broeders, sou alle keisers en konings op aarde, as hulle al hulle skatte sou gebruik, wel in staat wees om so `n voorhof met aardse materiaal te bou? O God, wat `n onuitspreek-like prag en onbeskryflike majesteit!

[5] Die Meester Self bly ewenwel steeds dieselfde in Sy hoogste eenvoud. Soos wat Hy eens op aarde die mens onderrig en hulle die weë van die lewe geleer het, so wandel Hy ook hier in Sy hemele. Geen strale en geen skitterende hofhouding van miljarde engele omgewe Hom nie. Ons hier is byna Sy enigste begeleiding. Buite op straat is dit egter wel besig. Uit miljoene kele klink die lieflikste lofprysings onder die harmonieuse klanke van welluidende harpe. Die hemellug is geheel en al gevul met gesange. Mens sou byna glo dat al hierdie hemele slegs bestaan uit gesang en die suiwerste harmonie.

[6] In die stad gaan dit redelik lewendig, maar hier by die Meester van alle heerlikhede, by die almagtige Skepper en Vader van die oneindigheid is dit op die prag van die huis na, baie eenvoudig. Geen hofhouding, geen skitterende begeleiding, geen by die Meester van die ewigheid behorende ontvangs nie, en dit is nêrens te bespeur nie. Laat ons tog ietwat lawaai maak, sodat die baie bewoners van die huis, op die koms van die Meester opmerksaam gemaak kan word!"

[7] **Ek** sê: "Laat dit maar agterweë, liewe broeders! Die bewoners weet baie goed wat hulle by My koms moet doen. Julle is die lawaaimakers op aarde gewoond en dink daarom dat daar ook hier by My koms `n enorme lawaai gemaak moet word. Dit is egter gladnie nodig hier nie. Wanneer by die een of ander op aarde, en in haar geestelike vlakke volbringde werk, die harte van My liewe kinders in alle stilte na My toe aankom, vol liefde, dankbaarheid en hulle lewe vir My klop, dan is daar vir My al `n feesgedruis in oorvloed voorhande. Sodra ons die vertrekke betree, sal hulle ons wel tegemoet kom en ons op die lieflikste manier van alle hemele begroet."

[8] Nou open Ek die deur en My vriende val op die trappe op hulle aangesig neer. **Robert** sê met bewende hart: "O Vader, dit is ineens te veel vir `n geskape gees, vir `n nietige lewensatoom van U oneindigheid! Die lig, hierdie heerlikheid en die bomatige hemelsmooi engele, wat met vogtige oë hulle oneindig mooi, sagte arms na U en na ons uitstrek! Vergeleke met hulle is ons letterlik vormloos, ondanks ons al ietwat hemelse voorkoms!"

[9] Nou kyk Robert na Helena om haar te vergelyk met die bewoners van My huis. Maar Helena is reeds van die skoonheid van My kinders voorsien. **Robert** skrik danig daaroor en sê: "O Meester, wat het daar tog met Helena gebeur en met Mathilde-Eljah? Hulle is ook al so mooi dat ek hulle nouliks nog durf aankyk.

[10] **Ek** sê: "Staan almal op en verbaas julle nie so nie, want julle self het nou ook al so `n vorm aangeneem!" Nou staan die sewe op, bekyk hulleself en deur hulle skoonheid herken hulle hulleself nouliks meer. "Is ek dit nog wel?" sê Robert vol verbasing. Ek sê: "Ja, jy is dit! - Maar nou gaan ons die eerste vertrek binne."